**14 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 3:1-21 (1933/53- en 1983-vertaling)**
**Fokusgedeelte: Johannes 3:16**

## God het die wêreld lief

Sou jy 'n gelowige vra watter teks in die Bybel die evangelie die beste opsom, sal nege uit tien jou seker na Johannes 3:16 verwys. Sonder twyfel dié bekendste vers in die hele Bybel. Eenvoudig. Kort. Kragtig. Asemrowend mooi. Kosbaar vir God se kinders. Die goeie nuus van die evangelie in 'n neutedop! *"God het die wêreld lief."*

Graag praat ons oor God se liefde. Luister gretig na preke oor die liefde. Ons belydenis *"God is liefde"* laat waarlik ons harte juig. Tog bestaan die gevaar dat ons God se liefde as vanselfsprekend aanvaar. Dat ons nie meer opgewonde raak oor die feit dat God ons liefhet nie. Dat die oorbekende troos- en hartswoorde van Johannes 3:16 nie meer enige reaksie wek of effek het nie. Dat die Here se intieme liefdesverklaring by baie verbygaan. Ons hoor dit, ons weet dit, maar dit sink nie in nie. En die gevolg? Kort voor lank word jou hart louwarm en begin jy jou eerste liefde verlaat!

In die eerste plek is hierdie 'n vers oor God. Tweedens is dit ook 'n vers oor die wêreld. God het die wêreld so liefgehad! Onthou weer: Jesus praat met Nikodemus, 'n Fariseër. Vir hierdie verkrampte Jood sou die woorde – *"God het die wêreld lief"* – onaanvaarbaar vreemd wees. Dit sou hom skok! Want die Jode – en veral die Fariseërs – wou niks van die wêreld en sy mense weet nie. Hulle het geglo dat hulle alleen God se uitverkorenes is, en dat al die beloftes en seëninge van die Ou Testament net vir hulle bedoel was.

Ja, Nikodemus sou eerder wou hoor: *"God het die Jode so liefgehad ...",* maar nou kom die Here Jesus met die radikale uitspraak: *"God het die wêreld so liefgehad."* Dit beteken: die Here het 'n véél groter plan in gedagte. Op Pinksterdag sou dit momentum kry toe Hy die evangelie van versoening ook aan ander tale en volke gebring is. God se liefde is vir die Jode, maar dit strek véél wyer. Dit sluit die ganse wêreld in. Van Jerusalem, Judea, Samaria tot die uithoeke van die aarde!

Ons moet ook verstaan "hoe en wat" die wêreld is. Nogal 'n ontnugterende openbaring. Sonder God is die wêreld 'n bose en donker plek. In 1 Johannes 5:19 lees ons: *"dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is."* Sedert die sondeval kies die mens om teen God te rebelleer en te swig onder Satan se liste. Die wêreld is die plek waar ses miljoen Jode in strafkampe in gaskamers gesterf het. Waar 27 000 Boerevrouens en kinders in konsentrasiekampe die hoogste offer gebring het. Waar elke dag duisende ongebore babatjies op die wreedste wyse vermoor word – deur aborsies. Nogal in 'n beskaafde en Christelike samelewing. Ja, die wêreld is 'n bose plek. Daar is geen goedheid in die wêreld om God se liefde aan te trek of te verdien nie. Inteendeel, in Romeine 1 en 2 lees ons hoe die wêreld en sy mense die rug op God gekeer en Hom verwerp het. As Jesus dus vir Nikodemus sê: *"God het die wêreld so liefgehad"*, verkondig Hy die beste nuus wat die wêreld ooit kon hoor. Dis asof die wêreld eerder begeer om so ver as moontlik van God af te leef, maar God gryp in. Hy sê as't ware: "STOP! Ek het jou lief. Julle wil ver van My af wegkom, maar Ek sal dit nie toelaat nie. Ek sal my Seun stuur om te ly en te sterf, sodat elkeen wat in Hom glo die ewige lewe kan hê ... WANT – Ek het die wêreld so lief!"

Dink daaroor. Die wêreld was sonder God en sonder hoop, maar Hy het die wêreld lief. Wanneer dit jou hard tref en jy dit nie meer as vanselfsprekend aanvaar nie, dan wil jy dit uitjubel en uitsing: God het die wêreld lief! Hy het ons nie oorgegee aan ons sonde en die ewige dood nie, nee: Hy het ons lief! Hy het dit aan ons bewys. Hy het sy Seun gegee. Glo dit en lewe!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Nylstroom)*